

Handelsbetrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland in historiese perspektief, 1910-1990: Vryhandel en neutraliteit in die twintigste eeu

GRIETJIE VERHOEF•

Sedert die vyftiende eeu het die Nederlandse handelaars die belangrike rol vervul van die verspreiders van handelsware in Europa. Portugese handelsuitbreiding na die Indiese Oseaan was nie slegs tot voordeel van die Portugese ekonomie nie: dit was Hollandse en Vlaamse handelaars wat die eerste besendings Portugese speserye na die mark van Antwerpen geneem het in 1501. Sedertdien het daardie Hollandse en Vlaamse handelaars aggressief die distribusiebedryf betree. Dit het tot gevolg gehad dat hoewel Nederland laat geïndustrialiseer het, Nederland vinnig aangepas het by die internasionale verdeling van arbeid soos bepaal deur die vroeë industrialiseerders en gespesialiseer het op terreine in die internasionale ekonomie waarvoor Nederland geskik was. Vir Nederland het dit beteken 'n sterk afhanklikheid van internasionale handelsverkeer en veral 'n groot afhanklikheid van diensgeoriënteerde beroepe as verdieners van buitelandse valuta. In 1909 was 11% van die Nederlandse arbeidsmag werksaam in die handelsektor en 7% in vervoer. As geheel was 38% van die hele arbeidsmag in diens in die dienstesektor en 57% van nasionale inkome is daar geproduseer.¹ Teen laat in die twintigste eeu het die Nederlandse ekonomie steeds in wese dieselfde eienskappe vertoon: hoogs geïndustrialiseerd, hoofsaaklik ten opsigte van die prosessering- en afwerkingsindustrieë, maar dit was nog steeds 'n besondere oop ekonomie, vanweë die feit dat bykans alle rou materiale vir industriële verwerking ingevoer moes word en 'n groot persentasie industriële produksie weer uitgevoer moes

-
- Prof Verhoef (gv@lw.rau.ac.za) is die hoof van die Departement Historiese Studies aan die Randse Afrikaanse Universiteit. Haar mees onlangse publikasie is : G. Verhoef : "Informal Financial Service Organisations for Survival : the case of African women and stokvels in urban South Africa, ca. 1930 – 1998." In the internationale journal *Enterprise and Society*, 2 , 2001. Sy is tans besig met navorsing oor die ontwikkeling van informele spaarinstellings en vroue se toegang tot krediet.
1. R. CAMERON, *A concise economic history of the world, from Paleolithic times to the present*, Tweede uitgawe, (Oxford University Press, Oxford, 1993), pp. 121-122; 255-256; J. DE VRIES, *The Netherlands economy in the twentieth century*, (Van Gorcum, Assen, 1978), p. 1.

word om voldoende buitelandse valuta te verdien om invoere te finansier. Die relatief beperkte binnelandse mark was ook verantwoordelik vir die sterk klem op uitvoer. Teen die sewentigerjare het invoere tot ongeveer 50% van nasionale inkome uitgemaak en uitvoere as ‘n persentasie van invoere bykans 85% beloop.² As een van die oopste ekonomiese beleid altyd sensitief tot wêreldmarkte geformuleer ten einde Hollandse uitvoermededingendheid te verseker.

Daarteenoor staan die Suid-Afrikaanse ekonomie as een wat eers gedurende die eerste helfte van die twintigste eeu noemenswaardig geïndustrialiseer het. Sedert kolonisasie het die geografiese gebiede wat vandag Suid-Afrika uitmaak, hoofsaaklik landbou- en mynbouaktiwiteite beoefen. Suid-Afrika is by die internasionale ekonomie betrek eers as verversingspos vir die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie en daarna as Britse kolonie tot in die twintigste eeu. Kort na Uniewording het die struktuur van die Suid-Afrikaanse ekonomie steeds die dominansie van primêre produksie vertoon, naamlik ‘n bydrae van 17,4% deur landbou tot nasionale inkome, 27,1% deur mynbou, 13,5% deur handel en slegs 6,7% deur die industriële sektor teen 1912.³ Ook die Suid-Afrikaanse ekonomie het ‘n besondere oop aard vertoon deurdat die uitvoer van landbouprodukte en minerale teen 1970 steeds die vernaamste verdieners van buitelandse valuta was waarmee industriële sektor invoere gefinansier moes word. Teen die sewentigerjare het die primêre sektor slegs 18,7% tot nasionale inkome bygedra, teenoor 24,2% van die sekondêre (industriële sektor) en 57,1% van die tersiêre sektor. Eers in 1965 het nywerheidsproduksie die bydrae van landbou en mynbou gesamentlik tot nasionale inkome verbygesteek.⁴ Die openheid van die Suid-Afrikaanse ekonomie en die groeiende belang van die tersiêre- of dienstesektor kan dus vergelyk word met dieselfde eienskappe van die Nederlandse ekonomie. Die strukturele verskil tussen die twee ekonomiese is egter geleë in die aansienlik meer gesofistikeerde en dominante Nederlandse industriële sektor en lang tradisie van afhanklikheid van buitelandse markte as bron van insette en afsetgebied van handelsware.

Dit is teen hierdie agtergrond dat die aard van handelsbetrekkinge tussen Suid-Afrika en Nederland vir die grootste deel van die twintigste eeu ondersoek sal word. Die ontwikkeling in die teorie van internasionale handel sal dien hier by te dra tot ‘n verklaring van die bree verloop van die handel tussen die twee lande. In hierdie referaat word eers aandag gegee aan die historiese verwagting dat handel tussen die twee lande sou gedy. Daarna verskuif die aandag na ‘n ontleding van die

-
2. J.G. ABERT, *Economic policy and planning in the Netherlands, 1950-1965*, (Yale University Press, 1969), p. 1.
 3. REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA (RSA), Buro vir Sensus en Statistiek: Uniestatistiek vir Vyftig Jaar, (Pretoria, 1961), pp. 5-3.
 4. RSA, Suid-Afrikaanse Reserwebank: *Kwartaalbald, Maart 1973*; S. JONES en A.L. MÜLLER, *The South African economy, 1910-1990*, (Macmillan, London, 1993), p. 232.

handelstatistiek, handelsbeleid en die impak van internasionale ontwikkelings op die handel tussen Nederland en Suid-Afrika.

1. Die historiese verwagting van handelsbetrekkinge.

Gedurende die sewentiende eeu is die Nederlandse ekonomie gekenmerk deur handel, skeepvaart, geld- en bankwese en landbou. Dit was huis Nederlandse handelsaktiwiteite met veral sy kolonies in die Ooste wat geleei het tot die vestiging van 'n VOC-verversingspos aan die Kaap. Nederlandse handelsaktiwiteite is ernstig aan bande gelê tydens die Napoleontiese oorloë, maar het teen die tweede helfte van die negentiende eeu herstel. 'n Geleidelike herstel in ekonomiese groei in Nederland op daardie stadium is gedryf huis deur Nederlandse handel, skeepvaart, finansierings- en bankwese.⁵ Vir die Nederlandse owerheid/koning, was die bevordering van handel in sy eie reg die enigste manier waarop die binnelandse gebrek aan grondstowwe aangevul sou kon word en afsetgebiede vir uitvoerprodukte verseker kon word. Een voorbeeld van owerheidsoptrede in die verband, was die oprigting in 1824 van De Nederlandsche Handel-Maatschappij, wat ten doel gehad het

de bevordering van den nationalen handel, scheepvaart, scheepsbouw,
visserijen en landbou, fabryken en trafyken; en sulks

asook die finansiering daarvan.⁶ Nederland was nooit op die voorpunt van moderne industriële groei in Europa nie en moes gevolglik steun op die vergelykende voordeel wat in handel en finansiering geleë was.

Die oplewing in Nederlandse handel, veral na die uitgerekte internasionale depressie van die 1880's, was hoofsaaklik die gevolg van die verbetering van Nederlandse infrastruktuur en die oplewing in kommersiële landbou in Nederlands Oos-Indië. Hoewel die Nederlandsche Bank en Credietvereeniging (NB en CV) in 1888 in die Zuid-Afrikaanse Republiek gestig is,⁷ was handel met die Boererepublieke aan die suidpunt van Afrika nie 'n prioriteit vir Nederland nie. Trouens, dit was met die oog op die verwerwing van die konsessie vir die nasionale bank in die ZAR waarom tot vestiging van die NBvCV oorgegaan is. Die bank het nogtans sy werksaamhede as bank voortgesit toe die konsessie aan 'n ander mededingter toegestaan is. Die VOC-monopolie op handel met die Kaap het verhoed dat Nederlandse handelaars die suidpunt van Afrika in eie reg as handelsoontlikheid leer ken het. Hoewel daar talle pogings aangewend is om Nederlandse hulp te kry met die ekonomiese opbou van die ZAR, was kapitaalkragtige Nederlanders ongeneë om deel te neem aan

-
5. R.T. GRIFFITHS, *The economy and politics of the Netherlands since 1945*, (Marthinus Nijhoff, Den Haag, 1980), pp. 2-4; J. TH. LINDBLAD en J.L. VAN ZANDEN, "De Buitenlandse Handel van Nederland, 1872-1913," *Economisch- en Sociaal Historisch Jaarboek*, 52, 1989, p. 241.
 6. *Gedenkboek der Nederlandsche Handelmaatschappij, 1824-1924*, p. 9; J. DE VRIES, W. VROOM EN T. DE GRAAFF (Reds.), *Wereldwijd bankieren. ABN Amro 1824-1999*, (Amsterdam, 1999), pp. 152-155.
 7. A.M. JOUBERT, *Die Geskiedenis van die Nederlandsche Bank en Credietvereeniging, 1888-1902*. (MA, RAU, 1986).

ontwikkelingskemas daar, in die mynbou te belê of uitgebreide handelsbetrekkinge aan te knoop.⁸ Die ekonomiese betrokkenheid was daar – van argitekte, dokters, musici, skrynwiers, bakkiers, slagters, bouers en bankiers – maar in geheel gesien, was dit beperk, want die NHM se fokus was primêr op Nederlands-Oos-Indië gestel. Die NB en CV het in sy eerste jaarverslag van 1888 soos volg berig:

Door ons voorgelicht, hebben enige ondernemende kooplieden zich vereenigd tot het uitzonden van goederen, waarvan ons de realisatie is toevertrouwd, dit heeft ten gevolge gehad dat in December het eerste stoomskip, de *Jason* onze haven met volle lading verliet met bestemming naar Durban en wij daarin voor circa de helft participeerden ... Volgens dit laast ontvangen bericht laat het zich aanzien, dat de ondernemers geen berouw behoeven te hebben over het door hem genomen initiatief. Mocht de uitkomst dit bevestigen, dan zal dit zeker onze instellingen nu en ook later ten goede komen.⁹

Reeds in 1893 word die volgende in die NB en CV se jaarverslag vermeld:

Zeer tot ons leedwezen merkten wij op dat de betrekkingen van Nederland tot Transvaal eerder af- dan toenemen en dat de Nederlandsche handel zich langzamerhand van het voor hom aangewezen terrein laat verdringen door Engeland en Duitsland.¹⁰

Die verklaring vir die traie verloop van handelsbetrekkinge tussen die ZAR en Nederland kan egter gevind word in die Nederlandse beleid aan die einde van die negentiende eeu, naamlik om nie deel te neem aan die magpolitiek van die groot moondhede in die internasionale politieke nie, om neutraliteit te handhaaf in internasionale konflikte, maar om internasionale vryhandel te bevorder aangesien internasionale handel feitlik as onaantastbare beginsel Nederland se ekonomiese oorlewing sou verseker.¹¹ Nederland wou verhoed dat internasionale spanning sou ontwikkel waardeur haar teenwoordigheid in Nederlands-Indië in gedrang kan kom. Die algemene opvatting was dat Afrika nie vergelykbare potensiaal as byvoorbeeld Kalifornië gehad het nie en investering in infrastruktuur ten einde volwaardige kolonies te vestig, nie deur Nederland beoog is nie. Nederland se belang was suwer

-
8. *Ibid.*, pp. 102-110; J.F.L. DE BALBIAN VERSTER, *Holland-Zuid-Afrika. Een geschiedkundig overzicht van scheepvaart- en handelsbetrekkingen in oude en nieuwe tijden*. (Houthakker, Amsterdam, g.d.), pp. 41-42.
 9. NEDBANK ARGIEF: JV 1/1: *Verslag van die Nederlandsche Bank en Credietvereeniging voor Zuid-Afrika, 1888*, p. 5.
 10. NEDBANK ARGIEF: JV 1/6; *Verslag van die Nederlandsche Bank en Credietvereeniging voor Zuid-Afrika, Toelichting tot het verslag voor het boekjaar 1893*, p. 5.
 11. H.L. WESSELING, *The Netherlands and the partition of Africa*, in H.L. WESSELING (Red.), *Imperialism and colonialism. essays on the history of European expansion* (Greenwood Press, London, 1997), pp. 105-111; B.J.H. DE GRAAFF, *De mythe van de stamverwantschap: Nederland en de Afrikaners, 1902-1930* (Suid-Afrikaanse Instituut, Amsterdam, 1993), pp. 4-5.

kommersieel dit wil sê, ingestel op handel Noemenswaardige emigrasie na Afrika het ook nie plaasgevind, behalwe miskien na die ZAR, om enige verdere verbondenheid met Nederland af te dwing nie. In die geval van Nederlandse vestiging in die Transvaal het H. Doeuff, lid van die redaksie van *De Nieuwe Courant*, in 1903 geskryf:

Nederland het in Zuid-Afrika zakelijke belang en deze is het ons veroorloofd met alle gepaste middelen te verdedigen en te bevorderen¹²

Nogtans onderstreep hy dat Suid-Afrika nie vir Nederland groot ekonomiese voordeel bied nie, aangesien dit geografies aan die suidpunt van Afrika geleë was en Nederlandse skepe na die opening van die Suezkanaal nie meer om die suidpunt van Afrika seil om die ooste te bereik nie. Uit die oogpunt van handel was Suid-Afrika selfs nie eers van dieselfde belang vir Europese lande as Suid-Amerika nie. Tog voer hy aan dat taal- en stamverwantskap dit miskien vir die Nederlandse sakeman makliker sou kon maak om vinniger relasies te skep en in stand te hou, maar uit Nederland waarsku hy, moet nie gedink word

dat handel moet worden gedreven uit gevoel van stamverwantschap of sympathie. Van uit Nederland mag geen handel worden gedreven op Zuid-Afrika uit vriendschap met de Afrikaanders, maar alleen omdat die handel voordeel belooft ... Handel word gedreven om handelsvoordeel – wie andere motieven voorwendt, is onpraktisch of niet te vertrouwen, twee schlechte eigenschappen in een koopman.¹³

Omdat dié twee beginsels nie genoegsaam besef is nie, het die geskiedenis van handel tussen Suid-Afrika en Nederland, aldus Doeuff, ook gelees “soos een lijdensgeschiedenis.”¹⁴

Ten spyte dus van goeie verhoudinge en opwellende sentiment rondom beide oorloë met Brittanje, het handelsbetrekkinge tussen die twee Boererepublieke en Nederland nie op ‘n noemenswaardige skaal ontplooi voor 1910 nie. Met Uniewording het Suid-Afrika steeds binne die Britse Statebond gebly en kan dus verwag word dat die handelsverkeer met Brittanje gehandhaaf sou word.

2. Handel tussen Suid-Afrika en Nederland, 1910-60

Die verloop van handel tussen Nederland en Suid-Afrika sedert die vroeë jare van die twintigste eeu getuig van die komplementêre aard van die twee ekonomieë: Die Nederlandse ekonomie was verder gevorder met industrialisasie, maar geografies sodanig geleë dat vryhandel benut kon word om toegang tot skaars natuurlike hulpbronne te bekom. Volgens die dominante opvatting van die verhewenheid van

12. H. DOEFF, *Nederland en Zuid-Afrika: De verhouding na den oorlog*, (NZAV, Amsterdam, 1903), p. 16.

13. *Ibid.*, pp. 60-61.

14. *Ibid.*, pp. 60-61; Kyk ook B.J.H. DE GRAAFF, *De mythe van de stamverwantschap: Nederland en de Afrikaners, 1902-1930*, p. 7.

vryhandelsbeginsels, ‘n afkeer van proteksionisme en ‘n voorkeur vir die prysmeganisme,¹⁵ is Nederlandse handel met die res van die wêreld gevoer. Daarteenoor was die landbou-mynbou-ekonomie van Suid-Afrika nog op die vooraand van industrialisasie en was primêre kommoditeite die vernaamste handelsprodukte, terwyl meer gesofistikeerde industriële goedere aanvanklik sonder noemenswaardige tariewe ingevoer kon word. Dit was eers sedert die vroeë 1920’s toe owerheidsbeleid in Suid-Afrika toenemend proteksionistiese beleidsrigtings ondersteun het ten einde die ontwikkeling van plaaslike industrieë te bevorder, dat hoë tariewe die handel in industriële goedere beperk het.¹⁶

‘n Ondersoek na die verloop van Suid-Afrika se invoer en uitvoer van en na Nederland tussen 1908 en 1960 dui op die beperkte omvang daarvan. Tabel 1 verstrek statistiek met betrekking tot totale uitvoer van Suid-Afrika van vòòr Uniewording, tot 1960.

Tabel 1

Invoer deur die Unie van Suid-Afrika, 1908-1960 (£)¹⁷

	Britse Ryk	% van totaal	Nederland	% van totaal	Nederlandse kolonies *	% van totaal	Totaal
1908	16 668 372		360 654		52 553	0,1	
1910	23 623 933	69	530 401	1,6	35 162	0,6	34 007 000
1915	20 146 591	69	511 378	1,8	169 997	0,6	29 209 000
1920	60 749 078	65	761 662	0,8	628 929	0,8	93 405 000
1925	40 383 100	60	887 252	1,3	528 887	1,4	67 394 000
1930	32 552 905	51	1 178 777	1,8	899 701	1,2	64 181 000
1935	40 296 200	54	821 118	1,1	904 162	2,0	74 318 000
1940	52 493 361	55	524 587	1,01	1 931 854	0,5	95 721 000
1945	62 059 668	56	836	0	510 220	0,1	109 959 000
1950	161 093 711	53	2 667 195	0,9	319 390	1,0	301 394 000
1955	216 290 721	45	9 857 486	2,1	5 031 934	1,0	480 990 000
1960	157 665 765	28	13 557 211	2,4	917 903	0,2	555 531 606
Saamgestelde groei 1910-1960, %	4,5%		7,36%		5,76%		6,37%

* Nederlandse kolonies: Nederlands-Oos-Indië, Nederlands-Antille, Suriname en Curacao, Nederlands Nieu-Guinee.

-
- 15. J. DE VRIES, *The Netherlands economy in the twentieth century*, pp. 70-72, 78; A.C. JOSEPHUS JITTA, *Is wijziging van de Nederlandsche handelspolitiek wenschelijk?* (M. Nijhoff, S ‘Gravenhage, 1927).
 - 16. Vir ‘n breedvoerige uiteensetting van die Suid-Afrikaanse beskermingsbeleid in belang van die vestiging van plaaslike industrieë, kyk W.F.J. STEENKAMP, *Suid-Afrika se buitelandse handelspolitiek in die afgelope veertig jaar* (UNISA, Pretoria, 1966); F.J. VAN BILJON, *The foreign trade policy of the Union of South Africa* (M.Com, UPretoria, 1934).
 - 17. UNIE VAN SUID-AFRIKA (U. VAN SA), Departement Doeane en Aksyns: Jaarverslag van handel en skeepvaart van die Unie van Suid-Afrika, en die gebied Suidwes-Afrika, 1906-50; U. Van SA, Departement Doeane en Aksyns: Buitelandse handelstatistiek, 1950-1960; U. Van SA, Buro vir Sensus en Statistiek: Uniestatistiek oor Vyftig jaar, 1910-1960, N2-N4.

In hierdie periode het Suid-Afrika besondere sterk bande met Brittanie en die hele Britse Statebond gehandhaaf. Tabel 1 dui aan dat tussen 70% en 28% van totale invoer na Suid-Afrika in dié periode vanuit die Britse Statebond afkomstig was. Daarteenoor het invoer uit Nederland gewissel van 0,8% van totale Suid-Afrikaanse invoer in 1920, tot 'n hoogtepunt van 1,8% van totale invoer in 1915 en weer eens in 1930. Dit was eers in 1955 en daarna dat invoer uit Nederland meer as 2% van totale Suid-Afrikaanse invoer uitgemaak het. Noemenswaardig egter is, dat Suid-Afrika vergelykbare invoerwaardes ook vanaf Nederlandse koloniale besittings ontvang het. Die gegewens in Tabel 1 dui daarop dat invoere uit Nederlandse kolonies in die dertigerjare feitlik dié uit Nederland self geëwenaar het. Tydens die Tweede Wêreldoorlog het handel met Nederland feitlik tot stilstand gekom en toe is meer handel direk met die Nederlandse kolonies onderneem. Nadat Nederland afstand gedoen het van haar Oosterse koloniale besittings sedert 1945, het invoer deur Suid-Afrika vandaar ook afgeplat. Die interessante is egter dat invoer vanuit die Britse Statebond tussen 1908 en 1960 stadiger toegeneem het (teen 4,5% saamgestelde groei) as wat invoer vanuit Nederland toegeneem het, naamlik teen 7,36% saamgestelde groei. Selfs die groei in invoer uit Nederlandse kolonies teen 5,76% saamgestelde groei, het die algehele groei in Suid-Afrikaanse invoer van 6,37% saamgestelde groei in dié periode, oorskry. Indien die invoer uit Nederland en haar kolonies gesamentlik in ag geneem word, het die invoer deur Suid-Afrika daarvandaan met 7,21% saamgestelde groei toegeneem tussen 1908 en 1960 – steeds 'n sterker toename as die totale invoer van die land. Dit dui op 'n groeiende vervlegting van die Suid-Afrikaanse en Nederlandse ekonomieë teen 1960.

Nadere ondersoek na die aard van invoer uit Nederland vertoon nie 'n eenvoudige patroonmatigheid nie. Gebrekkige gepubliseerde statistiek met betrekking tot invoer volgens die Internasionale Standaard Handelsklassifikasie voor 1940¹⁸ maak dit onmoontlik om sodanige statistiek voor 1940 in tabelvorm saam te vat. Gedurende die 1920's was die vernaamste kategorieë van invoer uit Nederland, soos volg: diere, landbou-, dierlike en landbouprodukte en voedingsmiddels was die grootste invoerkategorie, gevvolg deur die invoer van chemikalieë en misstowwe; daarna leer en rubber en fabrikate daarvan, gevvolg deur tabak en wyn en drank.¹⁹ Invoere uit klas 1 van die ISHK het die vernaamste invoerkomponent uitgemaak tot in 1940 (vgl. Tabel 2), terwyl die invoer van tekstiel, chemikalieë en misstowwe, asook boeke, papier en skryfbehoeftes weer geweldige prominensie gedurende die 1930's geniet.²⁰

-
18. Die Departement Doeane en Aksyns het eers vanaf 1942 invoer van spesifieke lande op 'n gesistematiseerde wyse volgens Internasionale Standaard Handelsklassifikasie gepubliseer. Tussen 1910 en 1940 is slegs kortlik verwys na verskillende aspekte rakende invoer vanuit spesifieke lande op ongerekende grondslag.
 19. UNIE VAN SUID-AFRIKA (U van SA), Departement Doeane en Aksyns: Jaarverslag van handel en skeepvaart van die Unie van Suid-Afrika, en die gebied van Suidwes-Afrika, 1925.
 20. *Ibid.*, 1930, p. xxxi.

Tabel 2

Suid-Afrikaanse Invoer vanaf Nederland, volgens Internasionale Standaard Handelsklassifikasie, 1940-1965. (% van totale invoer uit Nederland)²¹

	1940	1945	1950	1955	1960		1965
1	31,2	-	12,5	7,4	7,1	1	5,6
2	1,3	-	0,2	0,1	0,3	2	2,5
3	0,1	-	1,2	1,5	1,6	3	4,5
4	9,6	-	43,7	45,6	35,3	4	3,1
5	31,2	6,1	17,2	18,3	25,8	5	0,2
6	1,7	-	2	1,3	1,2	6	15,8
7	4,3	-	2,9	5,7	7,1	7	30,8
8	13,5	-	5,8	11,6	13,7	8	28,8
9	5,9	-	3,6	0,9	1,3	9	7,2
10	0,3	7,6	0,3	0,09	0,2	10	1,2
11	15,8	1,4	5,9	3,5	2,7		
12	0,3	-	0,6	0,9	1,1		
13	3	84,9	3,7	2,5	2,2		

Teen 1935 was die derde grootste invoerkategorie uit Nederland, die invoer van metaalfabrikate en masjinerie,²² wat dui op die vraag na kapitaalgoedere in die groeiende Suid-Afrikaanse industriële sektor. Naas invoere uit klas 1, het invoere uit klas 8 (medisyne, chemikalieë en misstowwe) van groot belang vir Suid-Afrika gebly – al was die totale invoer uit Nederland slegs 1,1% van totale Suid-Afrikaanse invoere in 1935.²³ Tabel 2 dui egter daarop dat die invoer van metaalfabrikate en masjinerie uit Nederland tot 1960 voorsien het in die vraag na gesofistikeerde toerusting vir die groeiende nywerheidsektor. Die invoer van tekstielprodukte en landbou-, dierlike en voedingsprodukte maak deurgaans belangrike invoerkategorieë uit. Invoer van klas 8 chemikalieë en misstowwe dien die kommersiële landbousektor, maar verder fluktueer invoere redelik ten aansien van die ander kategorieë. Die ISHK is in die sestigerjare weer verander. Tabel 2 dui aan dat invoer uit Nederland juis gedurende die sestigerjare toe die groei in vervaardigingsproduksie in Suid-Afrika die bydrae tot die bruto binnelandse produk van die primêre sektor (mynbou en landbou) verbygesteek het, toegespits was op daardie gesofistikeerde industriële produkte wat nog nie in die

21. U. VAN SA, Departement Doeane en Aksyns: Jaarverslag van handel en skeepvaart van die Unie van Suid-Afrika, en die gebied van Suidwes-Afrika, 1940-1950; U. van SA, Departement Doeane en Aksyns: Buitelandse handelstatistiek, 1950-1965; Verduideliking van ISHK (vgl. Bylae 1), 1940-1960. In 1965 is die kategorieë verminder na 10 (vgl. Bylae 1).

22. *Ibid.*, 1935, p. xxxv.

23. *Ibid.*

plaaslike industrieë vervaardig kon word nie, naamlik meer as 74% van die invoer uit Nederland het bestaan uit masjinerie en vervoertoerusting, vervaardigde goedere en diverse gefabriseerde artikels. (vgl. klas 6,7 en 8 in Tabel 2)²⁴ Invoere uit klasse 1, 2 en 3 was steeds tekenend van die komplementêre aard van die gesofistikeerde Nederlandse landbousektor vir die Suid-Afrikaanse landbou teen die middel sestigerjare. Nadat Suid-Afrika in 1961 die Britse Statebond verlaat het, het die samestelling van invoer uit Nederland nie verander nie. Die dominante karakter van invoer uit die Statebond, het egter onveranderd gebly.

Tabel 3
Uitvoer deur die Unie van Suid-Afrika, 1908-1960 (£)²⁵

	Britse Ryk	% van totaal	Nederland	% van totaal	Nederlandse kolonies *	% van totaal	Totaal
1908	42 343 594	93	56 731	0,1	3 430	0	45 375 871
1910	49 920 299	91	37 309	0,07	125	0	54 754 401
1915	10 897 729	65	6 923	0,04	-		16 859 373
1920	62 152 479	74	3 882	0,01	197 021	0,2	83 632 484
1925	60 492 302	70	2 282 347	2,6	33 123	0,04	86 840 612
1930	53 480 885	65	1 337 613	1,6	100 285	0,1	81 709 531
1935	49 746 314	69	560 162	0,8	54 295	0,08	71 839 814
1940	18 622 723	62	165 663	0,6	113 857	0,4	29 921 363
1945	37 309 139	48	253 257	0,3	2 413	0,003	77 544 040
1950	105 194 549	46	9 174 601	4,	6 383	0,002	228 808 167
1955	169 960 680	51	9 344 140	2,8	4 684	0,001	331 576 191
1960	111 571 057	28	7 946 963	1,9	25 849	0,006	399 720 298
Saamgestelde groei 1910-1960, %	1,92%		10,1%		4,03%		4,35%

* Nederlandse kolonies: Nederlands-Oos-Indië, Nederlands-Antille, Suriname en Curacao, Nederlands Nieu-Guinee.

Die verwantskap tussen Suid-Afrika en Nederland was wel sterker met betrekking tot die uitvoer van Suid-Afrikaanse goedere na Nederland. Tabel 3 vertoon weer eens die dominante posisie van die Britse Statebond met betrekking tot die bestemming van Suid-Afrikaanse uitvoere – van tot 93% van totale uitvoer tot ongeveer 30% daarvan was bestem vir die Britse Ryk tussen 1908 en 1960. Nederland het hoogstens 4% van

-
24. Kyk. J.G. ABERT, *Economic policy and planning in the Netherlands, 1950-1965*, p. 1, waar die skrywer wys op die oorheersing van geprosesseerde en vervaardigde goedere in Nederlandse uitvoere reeds sedert die 1930's.
- 25 . U. VAN SA, Departement Doeane en Aksyns: Jaarverslag van handel en skeepvaart van die Unie van Suid-Afrika, en die gebied Suidwes-Afrika, 1906-50; Departement Doeane en Aksyns: Buitelandse handelstatistiek, 1950-1960.

totale Suid-Afrikaanse uitvoere ontvang (in 1950) en selfs so min as 0,01% daarvan aangekoop in 1920. Nederlandse kolonies was 'n negeerbaar klein bestemming vir Suid-Afrikaanse uitvoere en het ook in belangrikheid afgeneem na 1940 toe die gebiede nie langer onder direkte Nederlandse beheer was nie. Ten spyte van die sterker groeipatroon van totale uitvoer na Nederland in dié periode (10,1% saamgestelde groei teenoor bykans 2% met betrekking tot uitvoer na die Britse Ryk), het Suid-Afrikaanse uitvoer na Nederland nooit 'n betekenisvolle posisie ingeneem voor 1960 nie. Ook wanneer die gesamentlike uitvoer van Suid-Afrika na Nederland en haar koloniale besittings bereken word, is die saamgestelde groei van 10,05% nie enigsins anders as wat die patroon van uitvoer net na Nederland vertoon nie.

Tabel 4

Suid-Afrikaanse Uitvoer na Nederland, volgens Internasionale Standaard Handelsklassifikasie, 1940-1965. (% van totale uitvoer na Nederland)²⁶

	1940	1945	1950	1955	1960		1965
1	75,2	89,9	28,75	83,3	0,07	1	27,1
2	0,4	0,009	0,09	0,1	1,03	2	4,3
3	-	0,04	0,71	0,09	-	3	30,9
4	-	9,09	-	0,0005	0,15	4	2,82
5	1,81	23,82	3,22	8,0	0,91	5	0,35
6	7,78	0,14	1,59	2,83	96,4	6	2,86
7	-	0,66	8,73	3,92	-	7	29,6
8	-	0,78	0,49	0,51	0,05	8	1,57
9	-	0,01	0,21	0,002	0,002	9	0,39
10	-	-	0	0,07	-	10	0,02
11	0,01	-	0,003	0,1	0,54		
12	15,0	-	56,12	0,94	0,29		
13	-	2,33	0,04	0,07	0,48		

Daar is ook geen sistematiese publikasie van statistiek met betrekking tot Suid-Afrikaanse uitvoer na Nederland voor 1940 nie. Goud uitvoer uitgesluit, het Nederland in 1920 5,5% van Suid-Afrikaanse goedere-uitvoer ontvang, maar hierdie persentasie het gedaal tot 3,3% in 1933, 3,4% in 1934 en 0,7% in 1940.²⁷ Die vernaamste goedere

26. U. VAN SA, Departement Doeane en Aksyns: Jaarverslag van handel en skeepvaart van die Unie van Suid-Afrika, en die gebied van Suidwes-Afrika, 1940-1950; Departement Doeane en Aksyns: Buitelandse handelstatistiek, 1950-1965; Verduideliking van ISHK (Vgl. Bylae 1), 1940-1960. In 1965 is die kategroieë verminder na 10 (vgl. Bylae 1).

27. U. VAN SA, Departement van Doeane en Aksyns: Jaarverslag van handel en skeepvaart ..., 1920, 1930, 1935 en 1940.

wat uitgevoer is na Nederland was huide en velle, mielies, walvisolie, diamante (geslyp en ongeslyp) asook wattelbas en die ekstrak daarvan.²⁸ Hierdie tendens is voortgesit in die uitvoer na Nederland soos gereflekteer in Tabel 4: met die uitsondering van 1950 en 1960 toe groot diamant uitvoere in onderskeidelik klas 12 en klas 6 uitvoere na Nederland oorheers het, was uitvoere in klas 1 die vernaamste kategorie. Dit onderstreep die vraag na rou materiale vir doeleinnes van prosessering en verwerking in die industriële ekonomie van Nederland. Die verandering in ISHK na 1960 dra by tot 'n verandering in hierdie patroon, maar in wese het dieselfde rou materiale geresorteer onder klasse 1 en 3 in 1965 as wat die geval was onder klas 1 voor 1965 (vgl. Tabel 4). Opmerklik is egter die geweldige ontwrigting van uitvoer na Nederland gedurende die Tweede Wêreldoorlog (net goedere ter waarde van £165 663 is in 1940 na Nederland uitgevoer – Tabel 3). In die periode van sterk Nederlandse groei sedert die 1950's,²⁹ asook verbeterde groei in die Suid-Afrikaanse ekonomie,³⁰ het die waarde van uitvoer na Nederland van £9,1 miljoen in 1950, toegeneem tot £79,4 miljoen in 1960, (Tabel 3) maar dit was steeds net ongeveer 2% van totale Suid-Afrikaanse uitvoer. Die sterker groei in die Suid-Afrikaanse uitvoer na Nederland as die groei in invoer vanaf Nederland kan, gegewe die dominansie van primêre produkte in die Suid-Afrikaanse uitvoerpakket, toegeskryf word aan die snelle groeitempo van die Nederlandse ekonomie, veral ná 1950. Die Nederlandse vraag na industriële insette sowel as die vraag na industriële insette in die hele Wes-Europese ekonomie onder die Marshall-herstelprogram, het die geleentheid aan Suid-Afrika gebied om daardie uitvoermarkte te bedien. Dit is juis in periodes van konjuntuuropswaai dat handel weens stygende vraag toegeneem het.

Dit moet in gedagte gehou word dat Nederlandse toetrede tot die Europese Ekonomiese Gemeenskap in 1957/8, onmiddellik 'n nadelige uitwerking op Nederlandse uitvoer na Suid-Afrika gehad het. Reeds vroeg in 1959 het Nederland invoertariewe met 10% laat daal en dit het veral handel tussen EEG-lidlande bevorder. Suid-Afrika het tog verwag dat indien die bepalings van die Verdrag van Rome met betrekking tot 'n uitwaartsgerigte benadering tot ekonomiese ontwikkeling, nagekom sou word, Suid-Afrika nie op die lang duur deur die totstandkoming van die EEG benadeel sou word nie.³¹ Hoewel die Nederlandse regering aktief buitelandse handel bevorder het, het dit nie handel met Suid-Afrika in besonder bevoordeel nie.³² Teen 1960 was Suid-Afrika Nederland se 47e belangrike handelsvennoot.

28. *Ibid.*

29. Kyk J.G. ABERT, *Economic policy and planning in the Netherlands, 1950-1965*, pp. 7-9; R.T. GRIFITHS, *The economy and politics of the Netherlands since 1945*, p. 14.

30. S. JONES en A.L. MÜLLER, *The South African economy, 1910-1990*, pp. 129-131.

31. U van SA, Departement van Handel en Nywerheid: Suid-Afrika se handel met Nederland, 1956-1958, /H. 102/1/3/5, p. 3.

32. *Ibid.*, Departement van Handel en Nywerheid: Suid-Afrika se handel met Nederland, 1959, H. 102/1/3/5, p. 2.

Die beperkte handelsverbintenis tussen Nederland en Suid-Afrika was egter nie die gevolg van gebrekke pogings om dit te stimuleer nie. Verskeie vlagskeepsrederye het kort na die einde van die Eerste Wêreldoorlog besluit om weer vlagskepe na Suid-Afrika te stuur. Een voorbeeld hiervan was die Van der Eb en Dresselhuys Scheepvaartmaatschappij van Rotterdam, wat weer in 1919 begin het met handelsvaarte na Suid-Afrika. Op 19 November 1919 is die N.V. Zuid-Afrikaansche Scheepvaartmaatschappij gestig en in November 1920 het die eerste skip *Jagersfontein* Rotterdam verlaat onderweg na Suid-Afrika. Later het verskeie ander skepe met die name van Randfontein, Bloemfontein, Rietfontein, Springfontein en Klipfontein maandeliks goedere na Suid-Afrika vervoer – tot 21 skepe per jaar. Ná 1922 het dit verminder na 17 per jaar.³³ Die Nederlandse regering het ook besluit om jaarliks ‘n bedrag van 1 miljoen Gulden opsy te sit vir ‘n paar jaar met die uitsluitlike doel om direkte handel tussen Nederland en Suid-Afrika te bevorder. Teen 1920 het Nederlandse skepe reeds 143 081 ton vrag van en na Suid-Afrika verskeep. Tussen 1913 en 1930 het verskepte tonnemaat in Nederlandse skepe toegeneem van 112 777 ton (in 32 skepe) na 207 263 ton (in 57 skepe).³⁴ Dit verteenwoordig ‘n toename van 1,76% tonnemaat hanteer deur Nederlandse voertuie van die totale tonnemaat hanteer deur vreemde voertuie, tot 11,6% in 1930. (Die verwysing na “vreemde voertuie” beteken alle voertuie, Britse voertuie uitgesluit.) Die optrede van die Nederlandse regering het dus daarin geslaag om groter goedereverkeer *via* Nederlandse skepe te voer, maar soos gereflekteer in Tabel 1 en Tabel 3, nie noemenswaardig Nederland se aandeel in die handel met Suid-Afrika verhoog nie.

Verdere bewys van doelbewuste pogings om handel met Nederland te bevorder, was die aanstelling van Carl Spilhaus as handelskommissaris van die Unie van Suid-Afrika in Nederland, met setel Rotterdam in 1922, maar reeds in 1925 het Spilhaus na Milaan verskuif, omdat Suid-Afrikaanse produkte nog baie onbekend in Suid-Europese lande was.³⁵ In die 1924 jaarverslag van die Commissie voor den Nederlandsch Zuid-Afrikaanschen Handel, vermeld De Graaff, is onvergenoegdheid uitgespreek oor die traagheid onder Nederlandse industrialiste om saam te werk m.b.t. die behartiging van uitvoerbelange. Pogings van die Nederlandsch Zuid-Afrikaansche Sporwegmaatschappij om belangstelling in industrievestiging en handel met Suid-Afrika te bevorder, het ook min sukses gehad.³⁶ Soos die syfers in Tabel 1 en Tabel 3 aandui, het die handel met Suid-Afrika min groei getoon tot en met die depressiejare van die 1930’s. De Graaff merk op dat daar oor die algemeen ‘n traagheid in die

-
33. J.F.L. DE BALBIAN VERSTER, *Holland-Zuid-Afrika. Een geschiedkundig overzicht van scheepvaart ...*, pp. 50-53; J. DE VRIES, *The Netherlands economy in the twentieth century*, pp. 75-76.
34. U. van SA, Departement Doeane en Aksyns: Jaarverslag van handel en skeepvaart..., 1930, p. xxxvii.
35. Die aanstelling en vestiging van Carl Spilhaus word bespreek in B.J.H. DE GRAAFF, *De mythe van de stamverwantschap: Nederland en de Afrikaners, 1902-1930*, pp. 207-209.
36. *Ibid.*, pp. 209-211.

Nederlandse bedryfslewe was op daardie stadium om hoegenaamd nuwe buitelandse markte te verower. In elk geval was die ekonomiese moontlikhede in Nederlands-Indië meer aanloklik, gegewe die klimaat van beperkte belangstelling in die ontsluiting van nuwe buitelandse markte.³⁷

In Suid-Afrika self, het die NBvZA daadwerklik pogings aangewend om buitelandse handel as sodanig te bevorder, maar veral ook handel met Nederland, aangesien die bank die finansiering van daardie handel as sy nismark beskou het. Die bank was die hooffinansierder van Suid-Afrikaanse huide, velle, wol- en diamantuitvoere na Nederland, reeds voor die Tweede Wêreldoorlog. Die NBvZA het ook beperkte uitvoermarkte van volstruisvere in Rotterdam help skep vir die Kaapse uitvoerhuis, Thompson-Watson.³⁸ Die bank se negatiewe ervaring met verskeie Nederlandse ondernemings wat in Suid-Afrika gevestig het en uiteindelik misluk het (soos bv. Lensveldt & Kie., invoerders van verbruiksgoedere, Katoen Syndikaat, in Noord-Transvaal, Wolff en Elias handelaars, N.V. Harlingen, ‘n maatskappy wat ‘n plaas in die Bethaldistrik bestuur het, en die Zuid-Afrikaansche Landbou maatschappij),³⁹ het bygedra tot die beleid van die bank om liewer te konsentreer op die finansiering van buitelandse handel, as om Nederlandse ondernemings in Suid-Afrika te vestig. Die NBvZA was slegs die vierde grootste bank in Suid-Afrika na die Tweede Wêreldoorlog, maar het tussen 1951 en 1960 gemiddeld ongeveer 8% van totale Suid-Afrikaanse invoer gefinansier. Die bank het hoofsaaklik tekstielinvoer gefinansier – eerstens vanaf die Britse Ryk en tot ‘n mindere mate vanaf Nederland. Die bank het ‘n veel groter rol gespeel in die finansiering van Suid-Afrikaanse uitvoer van wol, huide, velle en veral geslypte diamante. Die Nederlandse Bank het tussen 1847 en 1960 9,7% en ‘n maksimum van 15,5% van totale Suid-Afrikaanse uitvoer gefinansier, maar Nederland was teen 1960 nie onder die eerste vier bestemmings van totale Suid-Afrikaanse uitvoer nie.⁴⁰ Die Nederlandse Bank het wel tussen 26% en 34% van Suid-Afrika se totale woluitvoer gefinansier, waarvan die belangrikste bestemmings Nederland, Duitsland en Frankryk was. Die Nederlandse Bank het hom egter op winsgewende internasionale transaksies toegespits. Dit het beteken dat die Bank nie hoofsaaklik op handel met Nederland probeer konsentreer het nie. Die sterk handelsbande met die Britse Ryk het meegebring dat die bank sy kantoor in Londen gebruik het om sy aandeel in so ‘n groot as moontlike gedeelte van daardie handelsvloei te verseker. Teen 1965 het die Bank veral van sy fasilitate in Londen gebruik om tot 21% van Suid-Afrika se uitvoer na Brittanje alleen te finansier.

37. *Ibid.*, pp. 286-287.

38. J.L.H. PFUNDT; *Reports and records of the Netherlands Bank of South Africa*. Part 1, 1902-1920, p.130.

39. *Ibid.*, Part 2, p. 256; Vgl. ook B.J.H. DE GRAAFF, *De mythe van de stamverwantschap: Nederland en de Afrikaners, 1902-1930*, pp. 212-214.

40. *Ibid.*, Part 5, p. 35; G. VERHOEF, *Die geskiedenis van Nedbank, 1945 – 1973* (D.Litt et Phil, RAU, 1985), pp. 562, 574- 577, 580-581.

Daarnaas is handel met die VSA en Duitsland gefinansier en eers in die vierde plek het die finansiering van handel met Nederland gelê. Die Nederlanders in die Bank het ook nie op sentiment sake bedryf nie, maar hulle toegespits op die mees winsgewende transaksies.⁴¹

Die ondersoek na handel tussen Suid-Afrika en Nederland gedurende die eerste 50 jaar van die Unie, duï op beperkte afhanklikheid van beide ekonomiese op mekaar en die bewussyn dat die beëindiging van handelsbetrekkinge nie ekonomiese voortbestaan van enige van die twee lande in gedrang sou bring nie. In 1964 het mnr. Kamstra van die Nederlands Overzee Bank die Nederlandse aandeelhouers in die Nederlandse Bank en die bestuur van die bank meegedeel dat daar steeds min belangstelling by Nederlandse vervaardigers in die Suid-Afrikaanse mark was.⁴² Hoewel daar duidelike ekonomiese verklarings daarvoor bestaan het is verder aangevoer dat Suid-Afrika ‘n Britse bondgenoot was en dat Nederland goeie betrekkinge met Brittanie wou handhaaf. Verder was die Nederlandse opvatting dat stamverwantskap nie ‘n gesonde basis is vir die aanknoop van handelsbetrekkinge nie, steeds oorheersend. Nederland wou in elk geval nie vanweë moontlike stamverwantskap met Afrikaners, betrek word by die interne politieke stryd in Suid-Afrika nie.⁴³

3. Nederland en Suid-Afrika: Handel, 1965-1995.

Sedert republiekwording in 1961, het die handel met die Britse Ryk om verskeie redes verander. Terselfdertyd het Brittanie sedert die vroeë 1960's daadwerklik pogings aangewend om tot die EEG toe te tree. Die EEG het as handelsblok gegroeи en uiteindelik die grootste enkele blok of venoot tot Suid-Afrikaanse handel geword.⁴⁴ Sedert 1960 is die Nederlandse ekonomie gekenmerk deur oorwegend sterk groei en terselfdertyd toenemende integrasie in die wêreldekonomie. Dit het veral beteken dat Nederland se uitvoer sterk toegeneem het relatief tot die groei in wêreldhandel, bv. met 1963 as basisjaar, het Nederland se uitvoer teen 1971 gestaan op ‘n indeks van 231, haar invoer op 219, terwyl die indeks van wêreldinvoer 201 was.⁴⁵ In dieselfde periode het die Suid-Afrikaanse ekonomie gemiddeld met 4,3% per jaar gegroeи, terwyl invoer en uitvoer meer as 13% per jaar (teen heersende pryse) toegeneem het. In die periode

41. G.VERHOEF, Die Geskiedenis van Nedbank, 1945 – 1973, pp. 580, 582, 586 – 587.

42. Nedbank argief: Bespreking Algemeen Bestuur, 10 Januarie 1964.

43. Kyk B.J.H. DE GRAAFF, *De mythe van de stamverwantschap: Nederland en de Afrikaners, 1902-1930*, p. 289.

44. Die afname in die relatiewe belangrikheid van Brittanie as Suid-Afrikaanse handelsvennoot, het gestdig sedert die 1970's plaasgevind, maar handel was steeds Eurosentries. In 1993 het 20,7% van Suid-Afrika se totale uitvoer gegaan na die Europese Unie en in 1995 was dit 24,9%. Veertig persent van Suid-Afrikaanse invoere in 1993 was uit die EU afkomstig, teenoor 42,36% in 1995. Kyk. RSA, Departement van Doeane en Aksyns: Buitelandse Handelstatistiek, vol. 1, 1993 en vol. 1, 1995.

45. J. DE VRIES, *The Netherlands economy in the twentieth century*, pp. 65-67; R.T. GRIFFITHS, *The economy and politics of the Netherlands since 1945*, pp. 18-19.

tussen 1973 en 1979 het Suid-Afrika uitvoergeleide groei ondervind, maar daarna het Suid-Afrikaanse buitelandse handel stadiger toegeneem as die groei in die bruto binnelandse produk.⁴⁶ Beide ekonomiese het na die Tweede Wêreldoorlog groei ondervind: die Nederlandse ekonomiegrootliks deur versnelde industrialisasie en buitelandse handel, en die Suid-Afrikaanse ekonomie deur eers beskerming van binnelandse nywerhede of invoervervanging en eers redelik onlangs deur uitwaartsgerigte beleidsrigtings. Dit blyk dus dat Nederland se ekonomiese beleid van vryhandel in die ná 1960-periode voortgesit is op die veronderstelling dat internasionale handel 'n belangrike faktor in die bepaling van ekonomiese groei is. Daarenteen het die Suid-Afrikaanse benadering tot ekonomiese groei meer berus op die standpunt van Agosin dat invoervervanging en uitvoerbevordering komplementêr eerder as opponerend op mekaar inwerk, veral in laer inkomse lande.⁴⁷ Mens het hier dus te doen met twee groeiende ekonomiese, weliswaar teen verskillende tempo's op verskillende tye, sowel as twee in beginsel uiteenlopende handelsbeleidrigtings, veral weens die Suid-Afrikaanse proteksionistiese tariefstrukture en valutabeheermaatreëls.

Tabel 5
Invoer deur die Unie van Suid-Afrika, 1960-1995 (Rmiljoen)⁴⁸

	Nederland	% van totaal	Europa	% van totaal	Totaal
1960	27,1	2,4			1 112,0
1965	37,4	2,1	969,7	55,2	1 756,3
1970	58,4	2,3	1 392,9	54,6	2 547,3
1975	141,4	2,5	3 271,1	58,8	5 561,8
1980	196,5	1,4	5 701,6	39,5	14 414,8
1985	456,7	2,1	10 870,3	47,8	22 701,2
1993*	1 384,2	2,3	26 315,4	44,6	58 987,5
1995	2 300,0	2,3	46 916,6	48,3	97 227,8
Saamgestelde groei, 1960-95%:	13,95%		(1 965-95) 14,31%		14,05%

* Geen Buitelandse Handelstatistiek is deur die Departement Doeane en Aksyns gepubliseer vir 1990 nie.

'n Ontleding van Suid-Afrikaanse invoer uit Nederland tussen 1960 en 1995 (vgl. Tabel 5) duï op 'n sterk groei in totale invoerwaardes (teen heersende pryse) van 13,95% saamgestelde groei tussen 1960 en 1995. Terselfdertyd het totale Suid-

-
46. Vgl. S. JONES, "South Africa's external trade in the 1980's" in *The South African Journal of Economy History*, 9(2), September 1994, p. 110.
47. M.R. AGOSIN, "Trade policy reform and economic performance: Empirical evidence", in M.R. AGOSIN en D. TUSSIE (Reds.), *Trade and growth: New dilemmas in trade policy* (St. Martin's Press, New York, 1993), pp. 91-120; P.D.F. STRYDOM, "International trade and economic growth: The opening-up of The South African economy" in *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie*, 63 (4), Desember 1995, pp. 557-559.
48. RSA, Departement Doeane en Aksyns: Buitelandse handelstatistiek, Deel 1,1960-1995; Suid-Afrikaanse Reserwebank: *Statistiese Kwartaalblad*, No. 59, 1961-1991.

Afrikaanse invoer met ongeveer dieselfde groeitempo, naamlik 14,05% saamgestelde groei, oor dieselfde periode toegeneem, net soos Suid-Afrikaanse invoer uit geheel Europa met 14,31% tussen 1965 en 1995. Die belangrike opmerking is egter dat Nederland se relatiewe posisie as bron van invoere na Suid-Afrika feitlik onveranderd gebly het op 2,3% van totale Suid-Afrikaanse invoer. Die relatiewe posisie van Europa as bron van Suid-Afrikaanse invoer, het wel afgeneem van 55,2% tot 48,3% in 1995. (vgl. Tabel 3) Hierdie gegewens onderstreep die beperkte prioriteitsposisie van Nederland vir Suid-Afrikaanse invoere – Nederland was teen 1960 die sewende belangrikste bron van Suid-Afrikaanse invoer,⁴⁹ maar sak terug na die agtste posisie teen die laat 1980's.⁵⁰ Vanuit die Nederlandse perspektief gesien, was Suid-Afrika van relatief geringer betekenis: in 1960 was slegs 5% van Nederlandse uitvoer bestem vir Afrika, waarvan ongeveer 25% vir Suid-Afrika bestem was. Dit was 0,3% van totale Nederlandse uitvoer. Teen die 1970's het Nederlandse uitvoer bestem vir Afrika afgeneem tot tussen 3,7 en 3,3% van totale Nederlandse uitvoer - of 9,3% was bestem vir Suid-Afrika.⁵¹ Teen die middel van die tagtigerjare was steeds net 0,41% van totale Nederlandse uitvoer vir die Suid-Afrikaanse mark bestem.⁵²

Die samestelling van Suid-Afrikaanse invoer vanuit Nederland het slegs matige verskuiwings tussen die periode voor 1965 en tussen 1970 en 1995 vertoon. In Tabel 6 word aangetoon dat 22,1% van die invoer bestaan het uit masjinerie en elektroniese toerusting (afdeling 16), 19,3% uit vervoertoerusting (afdeling 17) en 13% uit tekstielware (afdeling 11). Minder belangrike invoere was voedsel, drank en tabak (afdeling 4), kunsstowwe (afdeling 6) onedele metale (afdeling 15) en gevorderde optiese-, fotografiese en mediese instrumente (afdeling 18). Teen 1975 het invoere van vervoertoerusting skerp gedaal, terwyl die invoer van chemiese produkte (afdeling 6) noemenswaardig toegeneem het. Die skerp toename in die invoer van vervoertoerusting gedurende die vroeë sewentigerjare was die gevolg van Nederlandse maatskappye se betrokkenheid by die konstruksie van die nuwe hawe by Richardsbaai aan die Natalse noordkus. Tabel 6 toon aan dat masjinerie en elektroniese toerusting feitlik konstant in relatiewe belangrikheid toegeneem het as invoer kommoditeite uit Nederland - tot 35,79% van Suid-Afrikaanse invoer uit Nederland in 1995. Hieronder

-
49. U. van SA, Departement van Handel en Nywerheid: *Handel met Nederland*, November, H. 102/1/3/5, 1960, p. 3.
50. S. JONES, "South Africa's external trade in the 1980's" in *The South African Journal of Economy History*, 9(2), September 1994, p. 124.
51. U. van SA, Departement van Handel en Nywerheid: *Handel met Nederland*, H.102/1/3/5, November 1960, 1968, 1970, 1972, 1974; K.W. GRUNDY, " 'We are against Apartheid... but,' Dutch policy towards South Africa" in *Studies in Race and Nation*, 51. Centre on International Race Relations, University of Denver, Study No. 3, 1973/74, pp. 18-19.
52. R. ROZENBURG, *De bloedband: Den Haag-Pretoria. Het Nederlandse Zuid-Afrikabeleid sinds 1945*, (Komitee Zuidelijk Afrika, 1986), p. 76.

Bilaterale konferensie- Handelsbetrekkinge Nederland - Suid-Afrika

ressorteer rekenaartoerusting, telekommunikasie toestelle, elektro-mediese en radiografiese apparaat en kantoortoerusting.

Tabel 6

**Invoer deur Suid-Afrika vanaf Nederland, volgens internasionale klassifikasie,
1970-1995. (% van totale invoer)⁵³**

	1970	1975	1980	1985	1993	1995
1	1,9	5,06	1,68	0,42	0,95	1,19
2	2,0	2,11	1,85	2,52	2,03	1,77
3	0,17	0,93	1,50	4,29	4,48	2,84
4	6,59	5,79	5,65	7,47	2,38	2,54
5	1,67	0,3	0,83	0,92	0,73	1,41
6	9,35	18,96	24,87	32,18	30,44	24,45
7	4,82	5,49	8,88	6,87	7,70	8,33
8	0,96	0,12	0,14	0,06	0,16	0,16
9	0,16	0,07	0,02	0,09	0,22	0,13
10	4,89	2,16	5,87	3,02	2,20	3,41
11	13,0	5,78	4,57	3,55	4,38	3,86
12	0,17	0,04	0,0009	0,01	0,11	0,03
13	0,39	0,48	1,01	0,68	0,48	0,61
14	0,25	0,38	6,4	0,06	0,02	0,006
15	5,3	5,62	4,44	4,75	2,84	4,29
16	22,1	32,28	28,0	23,56	31,29	35,79
17	19,3	0,41	2,02	2,46	0,83	1,57
18	6,23	9,92	7,5	5,97	7,76	6,75
19	-	-	-	-	-	-
20	0,46	0,21	0,22	0,59	0,58	0,60
21	0,15	0,15	0,07	0,02	0,01	0,02
22	0,01	0,002	0,12	0,41	0,19	0,02
23						0,11

Nota: Kyk Bylae 2: Internasionale Klassifikasie is inooreenstemming met die Brusselse Nomenklatuur (1969-1976) en daarna ooreenkomsdig die Doeane Samewerkingsraad (Customs Co-operation Council - CCC)

Ook die invoer van chemiese en farmaseutiese produkte het tot 32,18% van invoer uit Nederland toegeneem in 1985 en daarna afgeplat na 24,45% in 1995. Verder het die invoer van gespesialiseerde toerusting (afdeling 18) ook in relatiewe belangrikheid toegeneem tot 6,75% van invoer uit Nederland en die invoer van kunsstowwe (afdeling 7) tot 8,33% van invoer. Die tegnologiese sofistikasie van Nederlandse nywerhede verklaar die vergelykende voordeel met betrekking tot die Suid-Afrikaanse mark ten aansien van die twee dominante kategorieë van invoer na Suid-Afrika. ‘n Afplatting in

53 . RSA, Departement Doeane en Aksyns: Buitelandse handelstatistiek, 1970-1995.

investering na 1985 en die voorafgaande resessie van die vroeë tagtigerjare in Suid-Afrika, was verantwoordelik vir ‘n skerp toename in die invoer van kapitaal- en vervoertoerusting na Suid-Afrika sedert die 1980’s – ‘n kategorie waarin invoer uit Nederland egter afgeneem het. Sterk algehele groei in die invoer van chemiese en verwante produktes, asook radio-en telekommunikasiedtoerusting, is wel sterk ondersteun deur verhoogde invoer uit Nederland.⁵⁴

Tabel 7

Uitvoer van die Unie van Suid-Afrika, 1960-1995 (R miljoen)⁵⁵

	Nederland	% van totaal	Europa	% van totaal	Totaal
1960	4,9	0,34	622,7		1 420
1965	21,0	1,9	792,7	58,7	1 060,8
1970	34,9	2,26	2 161,1	51,4	1 542,1
1975	88,9	2,22	5 176,3	54,1	3 989,6
1980	247,6	1,24	9 405,8	25,9	19 957,8
1985	1 337,3	3,63	26 018,5	25,6	36 775,7
1993*	2 151,1	2,7	31 095,6	32,7	79 481,1
1995	3 045,8	2,96		30,2	102 650,4
Saamgestelde groei, 1960-95, %:	20,8%		(1965-95) 14,43%		13,41%

* Geen Buitelandse Handelstatistiek is deur die Departement Doeane en Aksyns gepubliseer vir 1990 nie.

Die verwantskap met Nederland as land van bestemming vir Suid-Afrikaanse uitvoer sedert 1960, vertoon ‘n ietwat sterker afhanklikheid. Suid-Afrikaanse uitvoer na Nederland het van 0,34% van totale Suid-Afrikaanse uitvoer in 1960, toegeneem tot 3,63% van Suid-Afrikaanse uitvoer in 1985, maar teen 1995 terug gesak tot 2,96%. (Kyk Tabel 7) Dit verteenwoordig egter (teen heersend pryse) ‘n toename in uitvoerwaarde vanaf R4,9 miljoen in 1960 tot R3045,8 miljoen in 1995, of 20,8% saamgestelde groei oor 35 jaar. Daarenteen het Suid-Afrika se uitvoer na Europa met 14,43% saamgestelde groei toegeneem tussen 1965 en 1995 en die algehele uitvoer met 13,41% tussen 1960 en 1995. Die geografiese verspreiding van Suid-Afrikaanse uitvoer het dus wegbeweeg van die Britse Ryk, na Europa en vandaar weer toenemend verplaas na ander wêrelddele tussen 1970 en 1995, veral Amerika en Asië. Van belang egter is dat Suid-Afrika se uitvoer na Nederland in totale waarde, toegeneem het vinniger as die toename in uitvoer na geheel Europa. Vanuit die Nederlandse perspektief gesien, was invoer uit Suid-Afrika nie geweldig belangrik nie: in 1970 het

54. Kyk S. JONES, “South Africa’s external trade in the 1980’s” in *The South African Journal of Economy History*, 9(2), September 1994, pp. 119-121.

55. RSA, Departement Doeane en Aksyns: Buitelandse handelstatistiek, Deel 1,1960-1995; Suid-Afrikaanse Reserwebank: *Statistiese Kwartaalblad*, No. 59, 1961-1991.

5% van Nederland se uitvoer gekom uit Afrika. Suid-Afrika se bydrae tot Nederland se invoer was net 0,3%. Teen 1974 was die posisie 6,8% en 0,2% respektiewelik⁵⁶ en teen die middel tagtigerjare was Suid-Afrikaanse uitvoer na Nederland steeds slegs 9,24% van totale Nederlandse invoer.⁵⁷

Tabel 8

Uitvoer van Suid-Afrika na Nederland, volgens internasionale klassifikasie, 1970-1995. (% van totale uitvoer)⁵⁸

	1970	1975	1980	1985	1993	1995
1	1,51	1,12	0,09	0,13	1,51	0,92
2	14,06	14,65	6,67	2,41	3,19	3,89
3	1,18	4,14	3,13	0,65	0,03	0,26
4	19,25	21,72	6,95	1,04	2,88	5,34
5	33,36	17,94	37,99	38,90	35,70	30,61
6	0,89	2,81	5,63	3,38	13,06	19,34
7	0,13	0,06	0,16	0,07	0,93	1,67
8	1,91	0,26	0,63	0,53	0,06	0,05
9	0,05	0,01	1,14	0,37	0,63	0,27
10	0,62	0,52	1,29	0,45	0,54	0,24
11	0,86	1,27	1,11	1,00	2,12	1,08
12	-	0,09	0,009	0,001	0,03	0,20
13	0,04	0,09	0,12	0,03	0,41	0,36
14	11,09	8,67	1,61	0,01	0,01	0,03
15	12,33	24,32	30,61	31,58	21,07	25,83
16	1,50	1,08	0,76	0,74	4,90	3,17
17	0,35	0,43	1,80	4,56	8,67	5,98
18	0,16	0,42	1,07	0,36	0,36	0,04
19	-	-	-	-	-	-
20	0,06	0,31	1,07	0,06	0,35	0,28
21	0,007	0,02	0,03	0,001	0,02	0,02
22	1,04	-	0,002	14,3	3,44	0,01
23						0

Nota: Vgl. Bylae 2: Internasionale Klassifikasie is inooreenstemming met die Brusselse Nomenklatuur (1969-1976) en daarna ooreenkomsdig die Doeane Samewerkingsraad (Customs Co-operation Council - CCC)

Die samestelling van Suid-Afrikaanse uitvoer met bestemming Nederland vertoon veral sedert die middel sewentigerjare 'n duidelike patroon. Soos weerspieël in Tabel 8

- 56. S. JONES, "South Africa's external trade in the 1980's" in *The South African Journal of Economy History*, 9(2), September 1994, p. 124.
- 57. R. ROZENBURG, *De bloedband: Den Haag-Pretoria. Het Nederlandse Zuid-Afrikabeleid sinds 1945*, p. 83.
- 58 . RSA, Departement Doeane en Aksyns: Buitelandse handelstatistiek, 1970-1995.

was die vernaamste uitvoerkategorie na Nederland minerale produkte (afdeling 5) te wete 33,36% Suid-Afrikaanse uitvoer na Nederland. Die uitvoer van voedsel, drank en tabak (afdeling 4) het 19,25% van die uitvoerpakket uitgemaak, plantaardige produkte (afdeling 2) 14,06%, onedele metale en artikels daarvan (afdeling 15) 12,33% en edelmetale (afdeling 14) 11,09%. Nadat Brittanje in 1973 volwaardige lid van die EEG geword het, het Suid-Afrika as voormalige lid van die Britse Statebond spesiale toegewings met betrekking tot handel met die EEG ontvang. Verlaagde EEG-invoertariewe is aan Suid-Afrikaanse uitvoer na die EEG toegestaan met die gevolg van verhoogde prysmededingendheid van Suid-Afrikaanse produkte in EEG markte, ook Nederland.⁵⁹ Die gegewens in Tabel 8 dui egter aan dat sedert 1975 Suid-Afrikaanse uitvoer van plantaardige produkte en voorbereide voedsel, drank en tabak relatief tot ander kategorieë van uitvoer afgeneem het na respektiewelik 3,89% en 5,34% van totale Suid-Afrikaanse uitvoer na Nederland. Nederlandse invoer van minerale produkte het tydelik afgeplat teen 1975, maar weer toegeneem tot 38,9% in 1985 en toe weer gestabiliseer op 30,61% van Nederlandse invoer uit Suid-Afrika (vgl. afdeling 5) Suid-Afrikaanse uitvoer van chemiese en verwante produkte het ook relatief tot ander uitvoere na Nederland toegeneem van 0,89% van totale uitvoer in 1970 tot 19,34% van totale uitvoer in 1995. Nederlandse invoer van onedel metale (afdeling 15) het ook toegeneem tot 31,58% van totale uitvoer en daarna gestabiliseer op 25,83% in 1995. Daar was kleinere toenames in uitvoer van masjinerie en elektroniese toerusting (afdeling 16) tot 3,17% in 1995 en van voertuie en vervoertoerusting en onderdele daarvan (afdeling 17) tot 5,98% in 1995.

Die samestelling van Nederlandse invoer uit Suid-Afrika vertoon die relatiewe toename in belangrikheid van Suid-Afrikaanse minerale uitvoer vir Nederland. Die invoer van landbouprodukte soos vrugte, suiker, grane, olies, huide en velle, wol, vleis en vis gaan steeds voort en maak ongeveer 10% van die uitvoerpakket uit (afdelings 1 tot 4), hoewel die waarde daarvan met meer as 2400% toegeneem het van R12,5 miljoen in 1970 tot R317,17 miljoen (teen heersende prys) in 1995. Die belangrikste vir die Nederlandse nywerheidsektor en vervoerbedryf is egter die toename in die invoer van minerale produkte. Hieronder tel die invoer van produkte in afdelings 5 en 15, naamlik steenkool, ertse en ferometale, ystererts, koper, goud, platinum en ander steen, sand en ruwe minerale. Royal Dutch Shell speel 'n sentrale rol in die internasionale steenkoolhandel en is afhanklik vir meer as 15% van die steenkool wat dié maatskappy as die belangrikste westerse verkoper van steenkool internasional verhandel, van Suid-Afrikaanse steenkoolinvoer. Saam met nog drie Nederlandse ondernemings (Scheepvaart en Steenkolen Maatschappij (SSM), Anker Kolen Maatschappij en Van Ingen BV), beheer Shell ongeveer 33% van die steenkoolhandel

59. C. BRETHERTON en J. VOGLER, *The European Union as a global actor*, (Routledge, London, 1999), pp. 46-48.

tussen Suid-Afrika en die EU.⁶⁰ Suid-Afrikaanse steenkool maak dus ‘n noemenswaardige komponent van Nederland se eie internasionale steenkoolhandel uit. Na die energiekrisis van 1973 en 1979, het Nederlandse verbruik van steenkool skerp toegeneem en verklaar dit die verhoogde betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse steenkoolbedryf.

Tabel 9

Nederlandse Handelstatistiek met Suid-Afrika, 1982-1995 (Nederlandse Gulden, miljoen)⁶¹

	Invoer	% verandering	Uitvoer	% verandering
1982	412,2		630,0	
1983	311,3	-24,47	667,7	5,98
1984	477,4	53,35	827,9	23,99
1985	522,3	9,4	693,2	-16,27
1986	467,3	-10,53	633,6	-10,18
1987	382,0	-18,25	584,0	-6,19
1988	425,7	11,43	662,6	13,45
1989	420,2	-1,33	630,9	4,78
1990	437,8	4,18	516,9	-18,06
1991	411,7	-5,96	728,6	40,95
1992	391,1	-5,0	631,5	-13,32
1993	465,5	19,02	692,5	9,65
1994	468,8	0,71	806,8	16,50
1995	594,7	26,85	870,4	7,88
Saamgestelde groei, 1982-1995	3,1%		2,72%	

Nederlandse invoer van Suid-Afrikaanse goud het wel oor dié periode afgeneem relatief tot die invoer van onedele metale waaronder ystererts, sinkerts, titaanerts, koper, zirkoonerts, nikkel, vermiculiet, silikon, wolframerts, aluminium, tin en magnesium. Nederland voer ook meer as 95% van sy chroom van Suid-Afrika in, asook mangaan vir die versterking van staal (45% van Nederland se totale mangaaninvoer is afkomstig uit Suid-Afrika), platinum (met net 6% van Nederland se invoer afkomstig uit Suid-Afrika) en vanadium (waarvan 65% van Nederland se invoer uit Suid-Afrika afkomstig is).⁶² Die statistiek van net meer as die afgelope dekade soos verstrekk in Tabel 9 (1982-1995) dui op die erratiese verloop van Nederlandse invoer

60. R. ROZENBURG, *De bloedband: Den Haag-Pretoria. Het Nederlandse Zuid-Afrikabeleid sinds 1945*, p. 87; Kyk ook S. JONES, “South Africa’s external trade in the 1980’s” in *The South African Journal of Economy History*, 9(2), September 1994, pp. 113-114.

61. *Netherlands Embassy Development Aid*, No. 814, Pretoria, Mei 2000.

62. R. ROZENBURG, *De bloedband: Den Haag-Pretoria. Het Nederlandse Zuid-Afrikabeleid sinds 1945*, pp. 87-97.

uit Suid-Afrika, maar wel dat saamgestelde groei van 3,1% oor die 13 jaar behaal is. Nederlandse invoer vertoon sterker toename as die uitvoer na Suid-Afrika oor dieselfde periode. Dit is ‘n voortsetting van die tendens van handel met Nederland soos gereflekteer in Tabel 5 en Tabel 7. Hoewel Nederland se invoer uit Suid-Afrika relatief tot die aandeel daarin van ander lande so klein is, blyk die invoer van strategiese minerale, onedele metale, chemiese stowwe en voedselprodukte van belang te wees vir Nederlandse industrieë en Nederland se handel, want substansiële hoeveelhede ingevoerde minerale en metale word weer deur Nederland se hawens heruitgevoer (doorvoer) na die EU en ander internasionale bestemmings. Net soos wat Nederlandse buitelandse handel voor die Eerste Wêreldoorlog in ‘n groot mate bestaan het uit “doorvoer”,⁶³ so kan die belangrike rol van Nederland as bestemming van Suid-Afrikaanse uitvoer toenemend vertolk word in die konteks van Nederland se ligging as poort van internasionale handelsverkeer met Europa en die res van die EU. Nederland se uitvoer het juis veral in die twintigste eeu ‘n positiewe korrelasie vertoon tot die algehele groei in internasionale handel.⁶⁴

Samevatting

Die ondersoek na die aard van handelsbetrekkinge tussen Nederland en Suid-Afrika het aangetoon dat die dominante Nederlandse vryhandelspolitiek nie as sodanig handel met Suid-Afrika bevorder het nie. Die sentiment rondom Afrikaners wat ‘n onafhanklikheidstryd teen die Britse Ryk gevoer het, is om sake-oorwegings nie omgesit in noemenswaardige handels-en investeringsvloei na Suid-Afrika nie. Die Nederlandse vryhandelsbeleid het handel met Suid-Afrika bevoordeel insoverre dit die minimum beperkings op die vrye vloei van goedere en kapitaal geplaas het. Pogings om Nederlandse handel en investering in Suid-Afrika te bevorder, was vroeg in die twintigste eeu van beperkte sukses. ‘n Ontleding van die handelspatroon tussen Suid-Afrika en Nederland oor die loop van ongeveer 85 jaar (tot ±1995) getuig van volgehoue beperkte handelsbande tussen die twee lande. Gedurende die eerste ongeveer 50 jaar (1910-1960) was Suid-Afrikaanse goedere bestem vir die Nederlandse mark, hoofsaaklik primêre produkte, landbouproduktes en dierlike produktes, terwyl goedere ingevoer van Nederland meer geprosesseerde landbouproduktes, kapitaaltoerusting (masjinerie), tekstielware en gevorderde elektroniese toerusting was. Namate Suid-Afrika se invoervervangingsindustrialisasie momentum gekry het na 1945, was invoer uit Nederland grootliks afgestem op noodsaklike insette vir plaaslike industrialisasie. Daarenteen was Nederlandse invoer uit Suid-Afrika ook gemik op die voorsiening in die Nederlandse tekort aan rou materiale vir ‘n snelgroeende industriële sektor. Handelsbande tussen Nederland en Suid-Afrika is in daardie periode hoofsaaklik verklaar aan die hand van die verskille in

63. J. TH. LINDBLAD en J.L. VAN ZANDEN, *De Buitelandsche handel van Nederland, 1872-1913*.

64. *Ibid.*, p. 246.

faktortoebedeeldheid en die ekonomiese struktuur van die twee lande, wat dan lei tot spesialisasie en gevvolglik handel.⁶⁵

Die globalisering van wêreldhandel sedert die Bretton Woods Konferensie en die samesprekings oor die Algemene Ooreenkoms oor Tariewe en Handel, wat dan uitgeloop het op die totstandkomming van die Internasionale Handelsorganisasie, het invloed uitgeoefen op alle lande – klein en groot. Die gevolg daarvan was dat handelsteorieë wat geformuleer is ooreenkomsdig die beginsel van die vergelykende voordeel tussen lande, meer en meer die beginsels van mededingende voordeel moes verreken. Handel is die afgelope dekade of meer al minder verklaar aan die hand van die verskille tussen lande, maar meer ooreenkomsdig die toenemende opbrengs op skaal as verklaring vir spesialisasie wat dan lei tot handel. Hierdie benadering impliseer groter potensiële voordele van handel as slegs die voordeel wat volg op vergelykende voordeel. Dié benadering tot handel verklaar in ‘n groot mate die verskynsel in internasionale handel die afgelope dekades, naamlik dat ‘n groeiende persentasie van wêreldhandel plaasvind tussen lande met ooreenstemmende faktor toebedeeldheid. Gevolglik is meer en meer handel intra-industriehandel.⁶⁶ Terselfdertyd het primêre-produkekonomieë toenemend verwyderd geraak van ontwikkelde industriële ekomieë.⁶⁷ Vir Suid-Afrika beteken dit dat handel met Nederland, en met meeste ander EU state, nie so sterk behoort toe te neem in die toekoms as handel met veral Afrika en Asië nie. Die statistiek van die Departement Doeane en Aksyns vir die periode 1990 – 1997 dui reeds aan dat totale handel met Afrika in daardie periode toegeneem het teen gemiddeld 23,9% per jaar, teenoor ‘n toename van 17,7% beide in die handel met Asië en die Amerika’s. In daardie periode het die handel met Europa net met 9,5% per jaar toegeneem.⁶⁸ Onder die tien vernaamste bestemmings vir Suid-Afrikaanse uitvoer teen 1992, het vyf tradisionele Suid-Afrikaanse Europese bondgenote steeds gelê, naamlik Brittanje, Duitsland, Nederland, België en Italië. Indien daar sterk groei in die handel met Nederland gaan wees, sal dit moet wees in produksiegoedere afkomstig uit industrieë met mededingende voordeel gebaseer op verhoogde produktiwiteit en kwaliteit. Die uitvoer van minerale en metale sal steeds ‘n belangrike uitvoerkomponent uitmaak, maar soos wat die data reeds aangetoon het, bly dit relatief tot totale Nederlandse invoer, ‘n klein persentasie.

Hierdie ontwikkelings en aanpassings in die teorie van internasionale handel verklaar die kwynende relatiewe belangrikheid van Suid-Afrika vir Nederland vir die grootste

-
65. P.D.F. STRYDOM, “International trade and economic growth: The opening-up of The South African economy” in *Die Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie*, 63 (4), Desember 1995, pp. 561-562.
 66. Kyk L. ALCOCK, Invloed van die Europese Gemeenskap op die buitelandse handel van Suid-Afrika (D.Com, RAU, 1992), pp. 26-28.
 67. Kyk J. DELPORT, Gedrag van die handelsbetrekkinge tussen Suid-Afrika en die Europese Gemeenskap gedurende die tydperk van sanksieverligting, 1988-hede (M.Com-verhandeling, RAU, 1995).
 68. RSA, Departement Doeane en Aksyns: Buitelandse Handelsstatistiek, vol.1, 1991 – 1997.

gedeelte van die periode onder ondersoek. Die beperktheid van die Suid-Afrikaanse mark, sowel as die geografiese afsondering en politieke isolasie van die land, het meegebring dat Nederland handelsverbintenis met die groeiende Europese blok eerder ontwikkel het as met Suid-Afrika. Suid-Afrikaanse produksie was tot in die sestigerjare oorheers deur primêre produksie. Eers daarna het vervaardigde goedere-uitvoer ooreenkomsdig ‘n uitwaartsgerigte beleid, noemenswaardig toegeneem. Selfs tans is Suid-Afrikaanse uitvoer hoofsaaklik primêre produkte of halfgeprosesseerde produkte, soos mynboukundige grondstowwe en lae tegnologie fabrikate.⁶⁹ Binne die raamwerk van huidige teorie dat internasionale handel meer en meer tussen lande met ooreenstemmende ekonomiese karakter plaasvind, moet verwag word dat Suid-Afrikaanse handelsbetrekkinge, relatief tot ander lande, met Nederland van beperkte omvang sal wees.

Die onlangse handelstatistiek verstrek in Tabelle 5, 7 en 9 duï wel op ‘n geleidelike relatiewe toename in die handelsbande tussen die twee lande. Dit kan egter geensins toegeskryf word aan enige historiese verwantskap of ideologiese oorweging nie, maar aan die geleidelike integrasie van die Suid-Afrikaanse ekonomie in die globaliserende wêreldekonomie.

Bylae 1:

Internasionale Standaard Handelsklassifikasie, 1930-1965.

1. Diere, landbou, dierlike produkte en voedingsmiddels.
2. Bier, spiritus, wyn en dranke.
3. Tabak.
4. Tekstiel, klere, draad en vesels.
5. Metale, metaalfabrikate, masjinerie en voertuie.
6. Delfstowwe, erde en glaswerk.
7. Olie, was-en harssoorte, verfmiddels en vernisse.
8. Medisyne, chemikalieë en misstowwe.
9. Leer, rubber en fabrikate daarvan.
10. Hout, rottang, riet en fabrikate daarvan.
11. Boeke, papier en skryfbehoeftes.
12. Juweliersware, uurwerke, weelde-artikels en musiekinstrumente.
13. Algemeen.

69. L. ALCOCK, Invloed van die Europese Gemeenskap op die buitelandse handel van Suid-Afrika, pp. 232, 240; DELPORT, Gedrag van die Handelsbetrekkinge tussen Suid-Afrika en die Europese Gemeenskap gedurende die tydperk van sanksieverligting, 1988-hede, p. 92.

In 1965 is bogenoemde kategorieë soos volg gekonsolideer:

1. Voedsel en lewende diere.
2. Drank en tabak.
3. Ru-stowwe, oneetbaar (uigesluit brandstof)
4. Mineraalbrandstowwe, smeermiddels en verwante stowwe.
5. Dierlike en plantaardige oliesoorte en vetsoorte.
6. Chemikalieë.
7. Vervaardigde goedere, hoofsaaklik volgens stof geklassifiseer.
8. Masjinerie en vervoertoerusting.
9. Diverse gefabriseerde artikels.
10. Handelsartikels en transaksies, nie volgens soort gesklassifiseer.

Bylae 2:

**AFDELINGS VAN DIE BRUSSELSE NOMENKLATUUR (1969-1976) EN
DOEANE SAMEWERKINGSRAAD (1977 -)**

- I Lewende diere; dierlike produkte
- II Plantaardige produkte
- III Dierlike en plantaardige vette en olies en splitsprodukte daarvan: voorbereide spysvette; dierlike en plantaardige gewasse.
- IV Voorbereide voedsel; dranke, spiritus en asyn, tabak.
- V Mineraal produkte.
- VI Produkte van die chemiese en verwante nywerhede.
- VII Kunsharse en -plastiekstowwe, sellulose-esters en -eters, en artikels daarvan; rubber, sintetiese rubber, faktis, en artikels daarvan.
- VIII Ongelooide huide en velle, leer, pelsvelle en artikels daarvan; saal- en tuiemakersware; reisartikels, handsakke en dergelike houers; artikels van derm (uitgesonderd sywurmsnaar)
- IX Hout en artikels van hout; houtskool; kurk en artikels van kurk; fabrikate van strooi, van esparto en van ander vlegwerkstowwe; mandjiewerk en vlegwerk.
- X Stowwe vir die vervaardiging van papier; papier en papierbord en artikels daarvan.
- XI Tekstiele en tekstielartikels.
- XII Skoeisel, hoofdeksels, sambrele, sonsambrele, swepe, ryswepe en onderdele daarvan; bereide vere en artikels daarvan gemaak; kunsblomme; artikels van mensehaar; waaiers.

- XIII Artikels van klip, van gips, van sement, van asbes, van mika en van dergelike stowwe; keramiese produkte; glas en glasware.
- XIV Pêrels, edel- en halfedelstene, edelmetale, gewalste edelmetale, en artikels daarvan; nagemaakte juweliersware; munstukke.
- XV Onedelmetale en artikels daarvan.
- XVI Masjinerie en meganiese toestelle; elektriese toerusting; onderdele daarvan.
- XVII Voertuie, vliegtuie en onderdele daarvan; vaartuie en sekere verwante vervoertoerusting.
- XVIII Optiese, fotografiese, kinematografiese, meet-, kontrole-, presisie-, mediese en chirurgiese instrumente en apparaat; uurwerke en horlosies; musiekinstrumente; televisiebeeld- en klankopnemers en -weergewers, magneties; onderdele daarvan.
- XX Diverse vervaardigde artikels.
- XXI Kunswerke, versamelaarstukke en antieke.
- XXII Ander ongeklassifiseerde goedere.
- XXIII Vanaf 1995: Ander ongeklassifiseerde goedere en betalingsbalansaansuiwerings.

Abstract

Handelsbetrekking tussen Suid-Afrika en Nederland in historiese perspektief, 1910-1990: Vryhandel en neutraliteit in die twintigste eeu

It was thought that extensive trade relations would develop between South Africa and the Netherlands in the twentieth century. These expectations were based on early Netherlands immigration to the Transvaal and the establishment of the Netherlands Bank in South Africa. This article notes the divergent structure of the two economies and the scale of trade between the countries during the twentieth century. It deals with the historic expectations of extensive trade. Attention is then given to de facto trade. In the period up to 1960 the Netherlands was only a limited trading partner of South Africa, with less than 3% of total imports from the Netherlands and less than 3% of total exports to that country. After 1960 this relationship remained virtually unchanged, although volumes increased. This can be attributed to the difference in factor endowment between the two countries and the international phenomenon of increasing international trade between countries of similar economic structure rather than between primary producer and first world countries.